# Niemand wil 40 miljoen stembriewe hê

Rapport
DIS JOU KOERANT
SONDAG 21 Augustus 1994

ÆCHEN WALDNER:

ıtskas het tot dusver net
l verdien uit al die plan-
ıngebruikte stembriewe
yd as aandenkings te be-

ɲkele duisende van die
miljoen stembriewe wat
ie algemene verkiesing
anjaar gebruik is nie, is
nadat die Staatstender-
unie vanjaar aangekon-
at dit op 'n tendergrond-
kikbaar gestel word.
'oordvoerder van die
nderraad het gister gesê
enders is van sewe mense

ɔnder was die tender van
ikaner, mnr. Norris Lee
wat R775 000 vir 1,5
van die stembriewe aan-
ıet. Sy tender was verre-
grootste.

**IE BETAAL**

dit het intussen geblyk
ie geld het om te betaal

kleiner tenderaars, wat
hede van tussen 1 000 en
tembriewe gekoop het,
ls hul tjeks oorhandig en
ıbriewe afgehaal.
Norris het egter tot nou
ld pleks van wins uit sy
gemaak.
et dié week aan Rapport
het reeds sowat R50 000
ame, administratiewe en
te bestee. Maar hy kan
embriewe gaan haal nie,
ıy nie daarvoor kan be-

et inderdaad 'n week ge-
ıdat sy sperdatum vir be-
ɔy die Departement van
ındse Sake verstryk het,
aan die departement ge-
arin hy erken het dat hy
'5 000 het nie.
Amerikaners wat hom

## Hoogste tenderaar kan toe nie betaal




REGS: Mnr. Norris Lee Barker met 'n paar van die 1,5 miljoen ongebruikte stembriewe waarvoor hy suksesvol getender het, maar wat hy nie kan betaal nie.

Foto: ROBB EDGECOMB

met die finansiering sou help, het glo intussen kop uitgetrek.

**VERSKEIE BEROEPE**

Mnr. Norris het vyf jaar gelede na Suid-Afrika verhuis. In dié tyd het hy verskeie beroepe beoefen – soos 'n invoerder van tweedehandse klere, 'n wiskunde-onderwyser en 'n faktotum by Hospice.

Hy kan wetlik deur die Departement van Binnelandse Sake aanspreeklik gehou word vir die driekwart miljoen rand wat hy vir die stembriewe getender het.

Woordvoerders van die Departement van Binnelandse Sake en die Staatstenderraad sê hulle is bereid om 'n rukkie te wag om te sien of mnr. Norris, wat onder die naam African American Trading Co. handel dryf, inderdaad sy verpligtinge gaan nakom.

African American Trading Co. was een van twee Amerikaanse maatskappye wat ná die April-verkiesing ambisieuse planne vir die wêreldwye bemarking van die historiese Suid-Afrikaanse surplus stembriewe gehad het.

Die ander was 'n maatskappy van Colorado, L. Jamtech, wat direk met die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) onderhandel het. Hierdie transaksie was tussen \$700 000 en \$750 000 werd.

**DEUR MAT GEVAL**

Maar ook dit het intussen deur die mat geval, het 'n woordvoerder van die OVK dié week beken.

Geeneen van die sowat 40 miljoen stembriewe wat ná die verkiesing oorgebly het nie, is nog vernietig nie. Dit word tans deur die Departement van Openbare Werke geberg.

Ná al die gesukkel om net 'n klein gedeelte daarvan te verkoop, begin amptenare wonder of die berge papier werklik meer waarde het as wat 'n verpulpingsmaatskappy bereid sou wees om daarvoor te betaal.

Dáár is een goeie manier vir die staat om wins uit die berge papier te maak.

Intussen het 'n groepie belastingbetalers, so effe meer as vier miljoen, dié maand begin afbetaal aan die kolossale verkiesingsrekening.